**DIE GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG**

# Die Basuin



Predikant: Ds. S.P. Venter
Pastorie: 015 296 1840
Sel: 082 809 0222
Epos: sarel.pventer@gmail.com

**07 APRIL 2019**

**Tema 2019 - VOLUIT VIR GOD**

**OGGENDEREDIENS** — **Ds. JC Potgieter**

**Skriflesing** — Hebreërs 8

**Tema** — Jesus Christus is die voortrefliker bedienaar van ’n beter verbond - hou in die geloof vas aan Hom

Psalm 122:1,2
Psalm 111:1,2,5
Psalm 6:1,2,4
Srifberyming 14:1,2
Psalm 105:4,5,6

EREDIENSTE VANDAG:
Oggend: 09H00
Aand : 18H00

Met die koms van Jesus is die ou verbond van Moses verby. Al die seremonies en heenwysings het opgehou, alle voorafskaduwing het tot 'n einde gekom. Ons moet in die geloof vas hou aan Jesus Christus en nie terug verlang na die gebruike van die ou verbond nie.



**AANDEREDIENS**

**07 April** — Vannaand om 18:00 is daar toerusting vir die Ouderlinge in die konsistorie. Ons volgende Nagmaal is op 9 Junie

**14 April** — 14 April is daar 'n diens en daarna sang wat fokus op die kruis- en opstandingsgebeure.

# DATUMS OM TE ONTHOU

| | | | |
|---|---|---|---|
| **07 April** | **Kollektes** | **Tydens erediens:** | Diakonale sorg |
| | | **By deure:** | Emeritaatsversorging |
| **09 April** | | Sustersbestuurvergadering. | |

# KATKISASIE



Daar is katkisasie direk na die erediens.  Al die jongmense moet asseblief in die konsistorie bymekaar kom vir die opening.  Ons tyd is baie beperk, so ons vra dat julle asseblief vinnig sal maak sodat ons kan begin met die lesse.

# KONSISTORIEDIENSBEURT 07 APR 2019

**Diensbeurt:** Wyk D3 **Katkisasie:** Graad 8

**Ouderling:** Hennie Combrink **Diaken:** Jan-Carel Oosthuizen

# OOG VIR MEKAAR

Ons bid vir die volgende lidmate:

- Cecelia Greyling gaan beter na haar operasie.
- Daleen Korff is tuis. Sy het nog 'n lang pad na herstel voor. Ons dink aan haar en Hendri.
- Santjie Bester kry weer behandeling
- Hester vd Merwe gaan deur die genade beter.
- Lida Borman wat chemo behandeling ontvang.
- Hennie Oelofse wat chemo behandeling ontvang.
- Tannie Annatjie Korff word swakker. Ons bid in besonder vir oom Buks wat so getrou ondersteun.
- Ons bid vir ons mede broers en susters wat donker en moeilike tye beleef. Mag ons God julle deur Sy Helige Gees lei en julle die krag gee om staande te bly en uiteindelik die lig in Christus te omhels.

- Baie welkom aan JC Potgieter. Ons bid jou die seen van die Here toe op die prediking vandag. Sterkte vir julle reis na Europa om die Woord ook daar te bedien. Ons bid dat die Here julle sal bewaar en veilig terugbring.
- Koningskinders vergadering om 16:30 by GK Noord vir terugvoer na die kamp.
- Baie dankie aan ons lidmate wat as groepleiers en buddies opgetree het. Julle het die werk uitstekend gedoen. Die terugvoer van die kinders is baie positief.
- Baie dankie vir almal wat betrokke is by die bouwerke aan die pastorie. Ons waardeer dit baie. Met name Cassie Carstens, Jan Hoogendyk en Hennie Pelser.
- Bybelstudies bly by die kerk op die gewone tye.

## DOPPERPADKAFEE - 12 APRIL 2019

Kom geniet heerlike hamburgers en skyfies, doughnuts en melkskommels by ons padkafee Vrydag 12 April. Bestellings moet asb. vooraf geplaas word. Lyste sal op die kennisgewingbord aangebring word.

Ons benodig bestandele en/of donasies - Melk, Roomys, tamaties, uie en Blaarslaai. Ons tieners se hulp word ook benodig om tydens die geleentheid as kelners op te tree. As jy bereidwillig is skryf asb. jou naam op die kennisgewingbord.

Pryse:

Hamburger en Skyfies - R40.00

Skyfies - R15.00

Melkskommels - R15.00

Doughnuts - R7.00





## TEESKINKBEURTE

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **07 April** | Christine du Plessis | C3 | **14 April** | Anna Nel | C3 |
| | Colette du Plessis | C3 | | Elmari vd Merwe | C3 |
| | Zelda Erasmus | C3 | | Esther Bornman | C4 |
| | Karen Kruger | C3 | | Ane Lourens | C4 |
| | Alfrieda Lessing | C3 | | Elzje vd Walt | C4 |



**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

## LIDMATE VERTREK

Sr. Nelrie Carstens vertrek na GK Laeveld (Tzaneen)

## SILWERDOPPERS

Maandelikse byeenkoms 10 April reelings as volg. Kom by die kerk bymekaar om 09:30 en vertrek hiervandaan na Fanie en Dawn Hattingh se huis. Ons gaan almal lekker saameet.

## BEDIENING AAN VRAGMOTORBESTUURDERS

Die evangelisasiekommissie is besig om maniere van bediening aan vragmotorbestuurders, vir wie Polokwane 'n deurgang en stopplek is, te ondersoek. Ons is opgewonde oor die geleenthede wat die Here reeds besig is om te skep om die evangelie aan hierdie mense te bedien. Bid asseblief saam met ons en hou die Basuin dop vir verdere nuus!

Vir navrae of voorstelle kontak Andre Bakker (083 457 1711) of Esmari Potgieter (083 446 5511).

## OUDIODAGSTUKKE

Daar is oudiodagstukke vir huisbediendes en werkers in Engels/Sotho beskikbaar.

Indien u belangstel, kontak André Bakker per whatsapp 083 457 1711.

# GESKIEDENIS VAN DIE GEREFORMEERDE KERK IN PIETERSBURG.[11]

Na ds. Lion-Cachet se vertrek beroep die gemeente weer en in 1964 word ds. J. C. Coetzee as predikant in die Pietersburg gemeente bevestig. Gedurende die tyd het die gemeente steeds gegroei en is daar in verskeie kerkraadsvergaderings begin gepraat oor die moontlikheid van afstigting. Reeds in 1964 word ‘n kommissie aangestel om afstigting ernstig te oorweeg. Die kommissie het bevind dat ‘n tweede gemeente noodsaaklik is weens die gemeente se lidmaatgetalle, maar dat finansies vir afstigting ietwat problematies was.

Eers op 26 November 1966 word die afstigting ‘n werklikheid en die Gereformeerde Kerk Pietersburg-Noord kom tot stand met  265 belydende lidmate en 184 dooplidmate. Die nuwe gemeente kry tienduisend rand as bruidskat van die Pietersburg gemeente en hou hulle eredienste aanvanklik in die saal van die Hoër Handelskool.

Met die afstigting moes grense tussen die twee gemeentes geskep word wat aanvanklik baie probleme veroorsaak het omdat lidmate gedwing was om kerk by te woon binne die onderskeie grense. Tien jaar later op 28 November 1976 kom die derde gemeente in Pietersburg, naamlik Pietersburg-Suid tot stand.

Pieterburg-Noord beroep na afstigting, ds. G.A. Hattingh, as die nuwe gemeente se eerste predikant.

[Meer volgende keer oor die afstigting van gemeentes]

# BYBELSTUDIE

Die lys van Bybelstudiegroepe wat elke week vergader is soos volg:

| Groepleier | Tyd | Plek |
|---|---|---|
| Gideon de Klerk (082 805 8947) | Sondag, 10:30 | Van huis tot huis |
| ds. Sarel Venter (082 809 0222) | Dinsdag, 09:30 | Kerkgebou |
| Johan van Biljon (082 388 2117) | Woensdag, 18:00 | Van huis tot huis |
| Elzanne Botha (076 572 0991 | Sondag, 10:30 | Van huis tot huis |
| Annemarie Bakker (082 484 6267) of André Bakker (083 457 1711) | Woensdag, 19:00 | Herculesstraat no.6 |
| Alta Theron (015 – 296 2168) | Donderdag, 09:30 | Wesselstraat no.148 |
| ds. Sarel Venter (082 809 0222) | Woensdag, 18:30 | Bendor Pastorie |
| Betsie de Witt (084 209 4220) Marlene Hoogendyk (083 648 5397) | Sommige Sondae na katkisasie | Kerkgebou |

**Elke lidmaat in die gemeente word uitgenooi om in te skakel by een van die Bybelstudiegroepe. Dit is waar ons mekaar regtig leer ken, vriende word en mekaar ondersteun, waar die Christelike liefde spesiaal ondervind word**

Kontak Alta indien daar lidmate is wat in gesinsverband of tuisbybelstudie wil doen, altatheron@vodamail.co.za

Gebed
Daniël
Joël
Maleagi
Miga
Nahum
Groei in die Gees
Openbaring
Dood en hiernamaals
Jakobus
Die duiwel maak sin
Hebreërs
Die lewende kategismus
Beproewing




**Bybelstudies ook beskikbaar op die webblad www.gereformeerd.co.za**

# PLASINGS IN DIE BASUIN

Indien u enige inligting in die Basuin wil plaas kan u met sr. Elzánne Botha kontak maak by die kerkkantoor of die inligting per epos na die kerk se e-posadres stuur.
**Maak asseblief seker dat u enige inligting nie later as Donderdag 19:00 deurstuur nie.**

# KALENDER

| *Verjaarsdae* | | | |
|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | **Belydend/ Doop** | **Sel/Tel no.** |
| Di. - 09 Apr. | Heila Lessing | B | 083 626 0185 |
| | Barbara Nagel | B | 083 260 9581 |
| | André vd Merwe | B | 082 460 1220 |
| | André Venter | B | 082 220 3068 |
| Wo. - 10 Apr. | Anel Nieuwoudt | B | 072 225 9555 |
| Do. - 11 Apr. | Retha Grobler | B | 071 885 8928 |
| | Francois Nel | D | 083 739 6152 |
| Vr. - 12 Apr. | Eloise de Nysschen | D | 072 112 9324 |
| | PW Lourens | D | 078 377 9216 |
| Sa. - 13 Apr. | Liza Semet | B | 082 937 3763 |

| **Huweliksherdenkings** | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| 07 Apr. 1979 | Annaleen & Gert Grobler | 40 | 071 673 0584<br>082 802 5577 |
| 07 Apr. 2017 | Shawn & Annemarie Koekemoer | 2 | 083 263 5171<br>082 361 2427 |
| 08 Apr. 1978 | Elizabeth & Billy Odendaal | 41 | 083 534 1963<br>082 935 8492 |
| 09 Apr. 2011 | Ryno & Carien Venter | 8 | 083 397 6685<br>083 271 2676 |
| 11 Apr. 1998 | Kiewiet & Karin du Rand | 21 | 082 882 7975<br>072 355 5283 |
| 12 Apr. 2014 | Flippie & Marlene Hoogendyk | 5 | 082 695 0799<br>083 648 5397 |
| 12 Apr. 2008 | Liza & Chris Semet | 11 | 082 937 3763<br>072 831 8147 |
| 13 Apr. 1996 | Stephan & Heleen du Plessis | 23 | 084 491 1165<br>082 933 5360 |

**Preke**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Elzánne Botha
015 296 0054

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581
Marisa Linde
083 408 2100
Renchia Grobbelaar
072 634 3442

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Elzánne Botha |
| Faksnommer | (015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| Epos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | www.gereformeerd.co.za |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede** | |
| **Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*"Maar nou het Jesus 'n voortrefliker priesterdiens gekry deurdat Hy Middelaar is van 'n beter verbond wat op uitnemender beloftes gegrond is."*

*Hebreërs 8:6*

***Almal is hartlik welkom vir 'n koppie tee of lekker boeretroos na afloop van die erediens***



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS